Mans Winterkamerjasse
*Baie beperkte voorraad.*
£4/17/6 elk.
Die Eikestadwinkel
(Edms.) Bpk.
PLEINSTR., STELLENBOSCH

# DIE Matie

VILJOEN
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
*Dele is skaars maar ons doen nog ons bes.*
ONTHOU — in Pleinstraat
*Net langs Suikerbossie.*

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch
STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.
DEEL IV, No. 7. VRYDAG, 21 APRIL 1944. PRYS 1d.

## Arbeidsdienskamp Reuse Sukses

### Vakansie van Werk en Ontspanning

### UITSTEKENDE DISSIPLINE EN ORGANISASIE

**In die afgelope vakansie is deur die Arbeidsdiens van die Studente-O.B.-kommando's 'n nuwe mylpaal bereik deur die Arbeidsdienskamp wat gehou is op die Plaas By-Den-Weg, naby Stellenbosch. Vir elke kamper is dit ook 'n mylpaal. Alleen die persone wat meegedoen het aan die kamp kan die volle waarde van die kamp besef; wat dit beteken om saam met al die ander kampers jou pik diep in die harde grond te slaan en deur die sweet van jou aanskyn 'n diens aan jou Volk te lewer. Ook verstaan elke kamper die diepere waarde en betekenis van die gesellige verkeer om die kampvuur saans na 'n harde skof van die dag.**

Op Donderdag, 6 April, toe die son net wou ondergaan, was die tente alreeds opgeslaan, en elkeen het met tevredenheid gekyk na die eerste bietjie wat tot stand gebring is. Die volgende dag, Goeie-Vrydag, is daar nie gewerk nie behalwe 'n bietjie „huis-skoonmaak." In die oggend is daar 'n diens gehou deur mnr. Gawie Oosthuizen.

#### DIE WERKSDAG

Vroeg op die eerste werksdag is die kampers gewek in 'n kamp wat 'n voorbeeld was van netheid en ordelikheid. Na die vakerigheid van 'n aangename nagrus afgespoel is in die koue water van die kamp se eie „badkamer," is die Vierkleur plegtig gehys. 'n Koppie stomende koffie in die vroeë môre het nuwe werklus by almal gewek. Kenmerkend van die organisasie was die gedienstige bydrae van elkeen om die geheel af te rond en die presiese afloop van alles volgens plan. Die dames het ook behalwe ander werk geleer spin, en die eerste produkte is alreeds gelewer.

#### ONTSPANNING

Elke middag was daar badtye vir dames en vir mans. In hierdie tye is daar ook jukskei of ander soorte sport gespeel. Boeresport soos hoenderhaanskop of velskoenemaak het ook bekend geword by die kampers. Na aandete as dit eers sterk skemer is, is die kampvuur aangesteek en dan is om die helder vlamme Volkspele gespeel vir ongeveer 'n halfuur. Daarna vergader almal om die kampvuur. Om die kampvuur is daar gesing soos alleen op so 'n kamp gesing kan word. Ook is daar items gelewer deur die verskillende tente, en die kampers onthou almal ou Bobby se ploeg wat so uitstekend was om die kampvuur (dan kom Eps se „dit is geweldig goed").

Die kampvure is afgesluit met aandgodsdiens en 'n paar slaapliedjies daarna. 'n Halfuur na die laaste slaapliedjie het die ligte-uit-fluitjie geblaas en daarna was dit stil in die kamp. Al wat dan nog waargeneem kan word was die gloeiende kole, miskien 'n gesaag uit die manskamp (of hoe Klasie?), vir 'n rukkie die lig in die Hoofkwartier en dowwe voetstappe van die wagte.

#### KAMPORGANISASIE

Die kamp was onder die bekwame leiding van Komdt. Gawie Oosthuizen wat opgetree het as Kampkommandant en Komdt. Willie Gibson, die Arbeidsleier.

Mej. Etta Lombard was die Dissiplinêre-hoof van die dames en mej. Lenie Roos die Hoofkok. Vir die kamporganisasie is 'n tentkorporaal aangestel oor elke tent. In die werk is die kampers opgedeel in ploeë met ploegbase aan die hoof van elke ploeg. Mej. N. Baard het die dames onderrig in spin gegee.

## A.N.S. Roep U.K. Afrikaners

Onderstaande oproep is deur die A.N.S.-taksleier, U.K. aan elke mede-Afrikanerstudent aan U.K. gerig:

**Waarde Meer/Mej.,**

**U dra kennis van die stryd van die Afrikanerstudent aan U.K. Sy stryd is u persoonlike stryd en sy verdrukking is u persoonlike onderdrukking. Die A.N.S. wens alle Afrikanerstudente op te roep na 'n Afrikanerstudente massa-vergadering waar hulle hul posisie en toekoms aan hierdie universiteit moet bespreek en besleg.**

**U Mnr./Mej. word persoonlik opgeroep na hierdie vergadering wat onder beskerming van die A.N.S.-tak sal plaasvind.**

**Die datum en plek is: 24 April om 8 n.m. in die Mowbray Stadsaal.**

**Sprekers: Mnr. W. A. Joubert en dr. P. J. Coertze, beide van Stellenbosch.**

**Kom, neem deel aan die besprekings en besluit vir uself wat u gaan doen om uself te handhaaf as eerbare Afrikaner-studente aan hierdie Universiteit.**

**Afrikaner-student, bring u medestudent saam. Ons reken definitief op u persoonlike teenwoordigheid.**

**Met broedergroete,**
**U mede Afrikaner-student.**

## Volksgesondheid en Volksopbou In Ons Toekomsstaat

### Groot Gevaar van Geboortebeperking

### DR. VAN ZYL OOR MEDIESE DIENSTE

**„Die ideale toestand van volksgesondheid bestaan wanneer daar 'n absolute minimum van siektes voorkom, die sterftesyfer daal, geboortesyfer styg, tuberkulose en veneriese siektes verminder, wanneer voorkomelike aansteeklike siektes gladnie meer voorkom nie, wanneer geen moeder of baba sterf a.g.v. gebrek aan kraambehandeling nie." Hierdie opsommende ideaal, naas die groot gevaar van geboortebeperking in ons land, het die kern gevorm van die skitterende toespraak van dr. F. du T. van Zyl aan die einde van verlede kwartaal onder beskerming van die A.N.S., oor die onderwerp: „Mediese dienste in ons toekomsstaat, nasionaal-sosiaal van aard."**

Spreker is oortuig daarvan dat ons land op die drempel staan van die nuwe staat, 'n staat wat nie die vryheid (en indiwiduele vryheid tot kapitalistiese uitbuiting) van die Franse Rewolusie bied nie, maar *wat die belange van die volk as geheel nastreef, 'n staat partyloos en in die hande van 'n gesagsheerser wat vaderlik teenoor sy volk sal staan.*

Ons huidige stelsel van mediese diens val in drie groepe nl. die staat, semi-privaat praktyke en privaat praktyke. Hierdie stelsel gaan mank aan baie ernstige gebreke: eerstens, 'n baie *swak kontrolestelsel;* tweedens, n' *skaamtelose gebrek aan die nodige maatskaplike dienste;* derdens, 'n groot *gebrek aan hospitale en omvangryke spesialiteitsdienste.* Veral verkeer die middelklasinkomste-groep in 'n baie moeilike posisie aangesien dienste vir hul onbetaalbaar duur is, en daar geen voorsiening vir hul gemaak word vir gratis diens nie.

#### IN DIE TOEKOMSSTAAT

In nastrewing van die ideale toestand moet eerstens *siektes bestry word en die staat moet sorg dat elke volksgenoot in staat sal wees om die allerbeste diens te ontvang, en nie verhinder sal word deur geldgebrek, stand of afstand nie.* Die staat moet *eis* dat elke indiwidu van die beste dienste gebruik moet maak. Tweedens moet *siektes voorkom word, en hierin moet die staat hom hoofsaaklik tot opvoeding in siekte bepaal om die skreiende onkunde i.v.m. siektes te verminder* — die staat moet sorg vir beter ekonomiese toestande en moet in die gesonde volkslid sien 'n potensiële krag vir die volk en staat en nie 'n potensiële wins vir die kapitalis nie; die staat moet peste en aansteeklike siektes daadwerklik bestry, sorg vir afsondering vir voorkoming van oordrag van oorerflike siektes, en aan die mediese beroep opdra om die suiwerheid van die bloed van die volk te bewaar. Derdens moet die staat *sorg vir die positiewe verbetering van die volk.* Hier is veral van belang verpligte toepassing van heilgimnastiek en verpligte bywoning van arbeidsdienskampe vir seuns en meisies, waar meisies dan ook veral sal onderrig word in moederkunde en militêre diens vir seuns verpligtend sal wees.

*Dit is gebiedend noodsaaklik dat die oë van die staat en die volk moet oopgaan vir die geweldige gevaar van geboortebeperking.* Die hoogste vorm van nasionalisme is diens aan die toekoms en *watter groter diens kan daar aan die toekoms gelewer word as 'n gestalsterke volk!* Gedurende die afgelope 10 jaar het die Suid-Afrikaanse geboortesyfer onrusbarend afgeneem. *Geen volk met 'n toekoms mag getalle beperk nie.*

Geboortebeperking is 'n bewys dat ons nasionalisme graag op die lippe neem maar ons nie die noodsaaklike opoffering wat kinders meebring wil getroos nie. Ook die staat dra baie skuld. *Dit is 'n verskriklike ironie dat die regering gedurig om immigrante roep, maar vir die ongebore Afrikaner is daar geen plek in sy eie land nie.* Die basis van die toestand lê in die ekonomiese gebrek. Die staat moet werk verseker aan elke volkslid en hy wat nie wil werk nie, moet daartoe gedwing word.

Spreker het afgesluit met die stelling dat *die kern van die revolusie van die 20e eeu — die herontdekking van die siel van die mens, is die besef dat elke mens, hetsy hy werkgewer of werknemer is, met of sonder aansien, 'n siel het en gevul is met daardie drange en behoeftes wat sy Skepper in hom geplant het.*

### F. J. Jordaan. †

**Mnr. F. J. Jordaan, wat in 1943 die Diploma-Comm.-kursus hier gevolg het, het verlede week in die Valsrivier by Kroonstad verdrink. „Die Matie" betuig innige deelneming met die bedroefde familie en betreur die tragiese heengaan van 'n medestudent.**

*KOM BESOEK ONS en laat al u bekommernisse wegsmelt saam met ons smaaklike geregte in*
*DIE UITSPAN*

DIE EIKE KAFÉ
Onder persoonlike toesig van
(Mnr. en Mev. van Zyl)
SIGARETTE en TABAK
SJOKOLADE en GEBAK
VARS VRUGTE
en
GROENTE
LIGTE ETES ALLE URE!
In ruil vir u gewaardeerde ondersteuning waarborg ons u
DIE BESTE DIENSTE

Skeer-Lemmetjies
Pakkie van 5, 9½d,
In karton-dosies van 20 pakkies van 5 lemmetjies elk, 15/10
HORLOSIES
Ons het 'n wonderlike keuse van beste en gewaarborgde Switserse Armband-horlosies
VANAF £1-1-0 TOT £7-0-0
R. MULLER
(Eiens.) Bpk.
Pleinstraat, STELLENBOSCH.

APTEKERS
Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.
•
JOERNING en SEUN
(Eiens.) Bpk.
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

Die Plaza
Foon 0013.
•
„Adventures of Tartu"
ROBERT DONAT
Vrydag en Saterdag
21 en 22 April
Matinee: Saterdag om 3 n.m.

Kom geniet 'n Musikale Aand
op 21 APRIL om 8 n.m.
in die CONSERVATORIUM
Twee beroemde kunstenaars
Ivy Angove VIOOL
en
Willem Eggink KLAVIER
sal u met lieflike musiek vergas
Plekbespreking by C.S.V.-Boekhandel

DIE MATIE
Alle Korrespondensie aan:
H. S. MARAIS,
HOOFREDAKTEUR,
Dagbreek.

Korrespondensie i.s. Inskrywings aan:
Die Matie Administrasie,
Posbus 28,
STELLENBOSCH.

Deel IV. 21 April -944. No. 7.

# Van Riebeeckdag!

6 April 1944 is weer verby; ongemerk het dit verbygegaan. *En ongemerk het die blanke inwoners van Suid-Afrika 'n dag wat een van grootse feestelikheid behoort te wees, laat verbygaan.* 6 April 1652, 'n merkwaardige dag, die dag van Jan van Riebeeck se aankoms aan die Kaap, die vooraand van die vasankering van die Europese beskawing in Suid-Afrika, *'n dag wat nie net vir die Afrikaanssprekende of vir die Engelssprekende of watter groep ook al van belang is nie, maar 'n groot dag van belang vir elke blanke element in ons land.* En die dag gaan ongemerk verby! Dit is voorwaar 'n skerpe aanklag teen almal wat vandag die groot voorreg kan geniet van 'n bestaan in blank-Suid-Afrika. Daar bestaan aanduidings dat die dag herdenk is vir enkele jare na die groot gebeurtenis, maar daarna het dit verdwyn. Hier en daar hoor mens die afgelope paar jaar weer van feestelike herdenking in enkele Suid-Afrikaanse dorpe en stede, maar *mens kan eenvoudig nie begryp hoekom 6 April nie jaarliks as 'n groot feesdag deur ons hele land herdenk word nie!*

Dae „van belang" wat hulle oorsprong of motief in oorsese lande gevind het, word gevier, openbare vakansiedae word toegestaan omdat *dié* een verjaar of *dáárdie* een dood is, maar 'n eie feesgeleentheid soos Van Riebeeckdag word nie erken nie; word nie alleen deur die regering nie erken nie, maar word deur die blanke inwoners van Suid-Afrika as geheel (met enkele verblydende uitsonderinge) nie erken nie.

*Die viering van dié dag is nie bloot 'n nasionale voorreg nie, dit is 'n morele plig. Deur die skromelike verontagsaming van 6 April word die gelofte wat Jan van Riebeeck op 6 April 1654 afgelê het, eweneens verontagsaam en geskend:* „Vandag is dit twee jaar gelede dat ons deur Gods Heilige geleide met die skepe Drommedaris, Reyger en Goede Hoop hier aan die Kaap veilig aangeland het om hierdie vesting en kolonie op bevel van ons here meesters op te rig en te vestig, en omdat die Heer onse God tot op die huidige dag al die sake met baie seëninge goed en na wens laat slaag en voltooi het, so het ons besluit en ook vir die eerste maal begin om hierdie dag, die 6e April, tot Gods eer met danksegginge te vier en vir altyd tot 'n vasgestelde dank- en biddag in te stel, sodat die weldade aan ons bewys deur die Here God deur ons nakomelinge nooit vergeet maar altyd tot Gods eer ter gedagtenis onthou sal word."

En nieteenstaande ons groot voorreg, nieteenstaande dié gelofte, *nieteenstaande die feit dat ons ontwakende Afrikanervolk soek na feesdae wat in karakter en oorspronk suiwer op Suid-Afrikaanse bodem gegrondves is, ignoreer ons dié dag.* Waarom sit ons studente hier op Stellenbosch so stil? Of is ons maar doodtevrede as ons dan net die *vakansiedag* van vreemde oorsprong kan geniet: Is daar dan 'n gebrek aan drang tot uitinge van suiwer nasionale kleur? En tog, as mens terugdink aan die skitterende sukses van Heldedagviering hier verlede jaar, kan mens moeilik dié gees van afsydigheid van eie nasionale sake begryp. *Of moet die A.N.S. weereens soos in die verlede byspring om daardie kwynende vlammetjie van nasionale bewustheid onder die studentegemeenskap aan te blaas!!*

Slegs eenkeer in die jaar doen dié feesgeleentheid hom voor. Vanjaar is dit verontagsaam. Wat gaan ons volgende jaar doen?

# Die Oorlog

## DIE RUSSIESE KOLOS VOOR DIE POORTE VAN EUROPA

***„De Waereldgeschiedenis is 't Waereldgericht, Vergelding, de wet der Historie."***
***— Ten Kate.***

Deur Prof. J. A. Wiid

Dit is bekend dat die Russe en nie die Duitsers nie vir reeds byna anderhalf jaar op die aanval is. Sedert die Duitse terugslag by Stalingrad en die byna gelyktydige Angel-Saksiese offensief in Egipte en Frans-Noord-Afrika het die militêre inisiatief oorgegaan in die hande van die Bolsjewiste en hul bondgenote. Of die Duitsers vir goed hierdie inisiatief verloor het is 'n saak waaraan alleen wensdenkerige profete hul sal waag. Op die oomblik staan alleen vas dat die Duitsers nog geen ook die moontlikheid dat daar aan die Russiese front, soos in Italië, verskeie Cassinos kan ontwikkel. 'n Derde moontlikheid is dat die Duitsers in hul verdedigingstaktiek sterk reserwes opgebou het en andermaal met 'n verrassende offensief voor die dag kan kom.

As alleen die eerste moontlikheid, nl. die suksesvolle voortsetting van die Russiese offensief gepaard met 'n suksesvolle Angel-Saksiese inval in die Weste hier in aanmerking geneem tweede Stalingrad gely het nie, dat die Brits-Amerikaanse mars na Rome en die Brenner in Suid-Italië vasgesteek het, dat die Angel-Saksiese offensief vandag byna uitsluitlik 'n lugoffensief geword het en dat die Russe geweldige Russiese gebiede terug verower het. Die Bolsjewiste staan vandag voor die poorte van Europa.

### DIE POORTE

Sonder om die militêre prestasies van die Russe te verkleineer — die hele wêreld weet immers dat hulle, in vergelyking met hul bondgenote, militêr by verre die meeste presteer het — sal geen objektiewe mens wil beweer dat die Duitse terugslag in Rusland tot dusver 'n militêre debakel was nie. Die Duitsers staan nie alleen nog altyd op uitgestrekte Russiese gebiede nie, maar die Russe sal nog moet bewys dat hulle die poorte na Europa kan verower. Een van hierdie poorte is die ongeveer twee honderd myl breë landstreek tussen die Karpate-bergreeks en die Swart See. Die weg deur hierdie poort lei nie na Duitsland of Sentraal-Europa nie, maar na die Balkan en die Dardanelle. Dit is 'n weg waarvan Rusland in die verlede meermale gebruik gemaak het. Dit is die weg wat die Tsaaristiese Rusland bewandel het toe hy in sy Pan-Slawistiese strewe 'n magsposisie vir hom op die Balkan wou skep en die strategies-uitersbelangrike Dardanelle wou verower.

Die ander invalspoort lê noord van die Karpate — tussen hierdie bergreeks en die Pripetmoerasse — en is in die verlede veral gebruik in die oorloë tussen Rusland en die Habsburgse monargie. Hierdie invalspoort tussen die Karpate en die Pools-Russiese moerasse bied geen natuurlike hindernisse nie en is goed van strategiese spoorweë en ander verkeersweë voorsien. Dit is natuurlik ook moontlik vir die Russe om ten noorde van die Pripet-moerasse Sentraal-Europa binne te val. Die Duitsers het in hul offensief van 1941 Rusland hier binnegedring. Dit staan egter vas dat die terrein tussen die Pripet-moerasse en die Oos-See die verdediger meer as die aanvaller begunstig. Uitgestrekte moerasse, mere, woude en 'n ongelyke oppervlakte wat in sommige opsigte aan die Kaapse Vlakte herinner, is natuurlike kenmerke van hierdie gebied. Dit wil dus skyn of die belangrikste invalspoorte vir die Russe noord en suid aan die Karpate-bergreeks grens.

Dit is natuurlik moontlik dat die Russe hul offensief, wat hulle by Stalingrad begin het, voortsit, deur die genoemde invalspoorte breek en 'n suksesvolle voortmars na die Dardanelle en Duitsland deurvoer. Daar bestaan

word, dan is daar volop ruimte vir allerlei interessante bespiegelinge. Dit kan alleen 'n wensdenkerige salonkommunis wees wat dink dat Amerika en Brittanje hierdie oorlog voer om die nasionaal-sosialistiese Duitsland te verpletter en in die plek daarvan 'n kommunistiese Russiese kolos daar te stel, om 'n Adolf Hitler te vernietig en in sy plek 'n Josef Stalin te verwelkom. Wêreldmoondhede soos Amerika en Brittanje kan nie wêreldpolitiek dryf nie as die wêreldhegemonie nie in hul hande is nie, en met die vernietiging van Sentraal- en Wes-Europa en 'n beslissende Russiese oorwinning sal daar van Angel-Saksiese wêreldhegemonie geen sprake wees nie.

In hierdie verband het die Brits-Amerikaanse sensuur in die loop van die jongste Russiese suksesse al meer as een keer snaakse berigte deurgelaat. So is dit 'n paar dae gelede uit Amerika wêreldkundig gemaak dat sekere kapt. Kravchenko, lid van die Russiese aankoopkommissie en ook sedert 1929 lid van die Kommunistiese Party, bedank het. Hierdie vername Russiese amptenaar sou sy afkeuring uitgespreek het oor wat hy beskryf as die „huigelagtige politieke maneuvers" van die Russiese regering in sy onderhandelings met die Britse en Amerikaanse regerings. „Samewerking met demokratiese regerings kan nie voortgesit word as die Russiese regering en die Russiese leiers in werklikheid hul eie geheime beleid volg om oogmerke te bereik wat verskillend is van hul openbare verklarings nie," het hy gesê. Die Russiese regering het die Komintern slegs uiterlik ontbind. In werklikheid gaan Moskou voort om steun te verleen aan geaffilieerde kommunistiese partye in baie lande en gebruik hy die demokratiese taal slegs as 'n maneuver, het hy gesê.

Wat hier snaaks is, is nie die snaakse berig self nie, maar dat die offisiële sensuur van Amerika en Brittanje dit wêreldkundig gemaak het. Dit is maar een van baie voorbeelde waar in Washington en Londen teen die Russiese kolos gewaarsku word.

## Let Wel: Kunswedstryd

Die jaarlikse kunswedstryd hier op Stellenbosch staan weer voor die deur. Die wedstryd beoog 'n sametrekking van talent in alle vorms van kuns— skilder- en beeldhoukuns, handearbeid, musiek, sang, voordrag, ens., ens. 'n Groot verskeidenheid bekers, diplomas en ander pryse word uitgeloof. By die vorige kunswedstryd is mer as 1,400 inskrywings ontvang. Die meeste inskrywings moet vanjaar voor Vrydag, 28 April geskied, en kan by die volgende plekke gedoen word: Koshuisstudente: by koshuiswerwers; Publiek en privaat studente: by R. Müller of C.S.V.-Boekhandel.

Die sekretaresse is mej. Sarie Pienaar, Noordwal, Stellenbosch. Telefoonnommer: 256; spreek- en telefoonure: 12.30 n.m. tot 1.30 n.m.

**Stuur „Die Matie" aan u ouers!**

Rook Springbok-Sigarette

## DR. VAN DER MERWE AS PROF. IN LANDBOU-EKONOMIE

Dr. W. H. van der Merwe, opvolger van prof. W. J. Pretorius as professor in Landbou-Ekonomie, sal op 1 Mei aanst. sy werksaamhede hier begin. Prof. Van der Merwe het die graad B.Sc. Agric in 1926 alhier behaal en die graad Ph.D. in 1931 aan die Universiteit van Minnesola, V.S.A. Sedert was hy werksaam onder die Dept. van Landbou, die laaste jare as Onder-sekretaris van die Mielieraad. *Die Matie* heet prof. Van der Merwe by voorbaat welkom op Stellenbosch.

## HANDELSSTUDENTE BESOEK K.W.V.

Aan die einde van verlede kwartaal het 'n groot aantal studente van die Handelsfakulteit aan 'n uitstappie, gereël deur die Handelsvereniging, na die K.W.V. in die Paarl deelgeneem. Twee gidse het die studente deur die hele fabriek gelei en almal was getref deur die geweldige omvang van die besigheid — om darem wyn te bereken nie in honderde of duisende nie, maar miljoene gellings, afsonderlike vatinhoude te bereken in duisende gellings en honderde lêers, ens. was darem so bietjie bo almal se vuurmaakplek.

Aan die einde van die besoek is die studente mildelik trakteer op K.W.V.-produkte, en die sekretaris van K.W.V. het die besoekers bedank en aangemoedigend toegespreek. Mnr. Botha, voorsitter van die Handelsvereniging, het die K.W.V. personeel bedank vir hulle vriendelikheid.

## Bestryding van Brande in Stellenbosch Area

Meer besonderhede is nou beskikbaar i.v.m. die poging wat 'n paar weke gelede gedoen is om 'n plaaslike komitee te stig vir bestryding van bos- en veldbrande in hierdie area. Op 'n vergadering, bygewoon deur vooraanstaande plaaslike persone, het die dr. Wicht, van die Jonkershoek Bosreserwe, kortliks die posisie i.v.m. brandbestryding, soos dit tans in Kaapstad onder 'n deeglike komitee is, behandel. Spreker het beklemtoon dat die doel met die stigting van so 'n komitee is grootliks om te verhoed dat daar 'n herhaling voorkom van verwoestende bosbrande wat in die somer van 1942—43 die Jokershoek area geteister het.

Sedert hierdie vergadering gehou is, is nog geen verdere stappe geneem om tot die stigting van so 'n komitee oor te gaan nie. Minstens drie brande is in die tyd ook al in die plaaslike afdeling gerapporteer: brande wat kon bestry word en minder skade aangerig het as so 'n komitee reeds in aksie was.

Terwyl dit vanjaar besonder droog is en die gevaar van brand gedurig daar is, word die hoop allerweë uitgespreek dat die voorlopige komitee, wat op die saak sou ingaan, veral met die oog op die opstel van 'n konstitusie, binnekort stappe sal neem om die onderneming aan die gang te sit. Veral die Departement van Bosbou staan nie onbewus van die groot gevare wat bosbrand inhou nie, en veral verblydend is die samewerking wat blykbaar vanuit hierdie oord verwag kan word.

## Mnr. KRIEL BEVORDER

Mnr. T. I. J. Kriel, B.A., wat sedert enige jare registrateur van die Stellenbosch - Elsenburg - Landboukollege alhier was, word eersdaags na die hoofkantoor van die Dept. van Landbou in Pretoria bevorder. Hy word opgevolg deur mnr. H. S. van der Walt.

## „GELEENDE VERE"

Vanaf Maandag, 24 April, tot Saterdag, 29 April, bied André Hugenét en sy toneelgeselskap „Geleende Vere" aan die Stellenbossche publiek. Hierdie geselskap is nie nodig om voorgestel te word aan toneelliefhebbers nie: genoeg om te sê dat Hugenét weereens iets bied wat die moeite werd is om te sien. „Geleende Vere" is 'n komiedespel wat te doen het met die klasse-onderskeiding: Hugenét vertolk die rol van 'n lakei in diens van 'n edelman (Johann Nell). En as die lakei vir 'n paar uur sy baas se klere aantrek, sy baas se sigarette rook en...... wel, kom sien vir uself. Hierdie opvoering is voorwaar 'n bewys dat die Afrikaanse toneel ook wel die ligtere met sukses kan lewer.

## Nie Langer Q.V.M. Hospitaal

Die ou hospitaal het verdwyn, en daarmee saam die ou hospitaalnaam, Queen Victoria Memoria Hospital. Die nuwe hospitaal sal die veel meer „plaaslik geïnspireerde" naam van Die Stellenbosch Hospitaal dra.

**Mnre. J. Krige en O'Kennedy het verlede Saterdag in die W.P.-Junior tenniskampioenskappe op Rondebosch die onder-19 dubbelspeltitel verower. Hulle is die eerste Stellenbosse studente wat 'n junior-tenniskampioenskap van die Westelike-Provinsie gewen het.**

**VERANDERING VAN DATUM**

Die datum in verband met die opvoering van die

**Margaret Morris Beweging**

deur

Lynette Downham en Leerlinge

IS VERANDER

EN SAL LATER AANGEKONDIG WORD

25ste TOER DEUR SUID-AFRIKA

18de JAARGANG

Mnr. ANDRÉ HUGUENET

en sy

TEATERGROEP

Bied aan 'n Tintelende Nuwe

KOMEDIESPEL

**Geleende Vere**

DIE Skrikkeljaar-keuse!

Andrew Murray-saal

STELLENBOSCH

om 8.15 n.m.

MAANDAG, 24 APRIL
DINSDAG, 25 APRIL
WOENSDAG, 26 APRIL
DONDERDAG, 27 APRIL
VRYDAG, 28 APRIL
SATERDAG, 29 APRIL

Bespreek by C.S.V.-Boekhandel.

Pryse: 3/10, 2/9, Studente 1/9.
(Belasting ingesluit.)

## Onder Onsies

Mnr. N. J. Goosen, 'n eerstejaar-student in Ingenieurswese, het op die afgelope kamp sy regterhandgewrig beseer sodat hy dit vir drie maande in gips moet dra.

* * *

Mnr. Jan Haak, oud-primarius van Dagbreek, gewese Uniale sekretaris van die A.N.S. en tans sekretaris van die „Wapenskou" Maatskappy, is gedurende die vakansie in die huwelik bevestig met mej. Maria Theron van Bloemfontein.

* * *

Mej. Francie Pienaar, van Noordwal, Stellenbosch, en tans werksaam in die Universiteitsbiblioteek, het verlede week haar verlowing bekend gemaak aan mnr. P. O. le Roux, 'n bekende Matie-figuur van 'n paar jaar gelede.

* * *

Mnr. Andries Erasmus, van Die Laan, het Woensdag 'n operasie aan die been ondergaan en verkeer tans in die plaaslike hospitaal.

## Viool- en Klavier-Uitvoering

Vanaand om 8 uur sal twee musiekkunstenaars die publiek in die Konservatorium saal op 'n baie goeie program vergas. Sowel Ivy Angove (viool) as Willem Eggink (klavier) het reeds 'n hoë mate van beroemdheid verwerf.

**Darters**

Pleinstraat, Stellenbosch

*Vir waarde in*

* *Boeke*
* *Skryfbehoeftes*
* *Kunsmateriaal*

*WEET U?*

**U weet seker hoe swaar dit soms is om geldjies te kry vir die ditjies en datjies?**

Sorg dat u toekoms nie, ná 'n suksesvolle Universiteitsloopbaan, deur gebrek aan geldelike vermoë belemmer word nie. Jong professionele manne en vroue weet dat hulle sal miskien lank moet wag voordat hulle 'n winsgewende betrekking sal kan opbou. Dokters of prokureurs moet 'n praktyk of vennootskap koop. Die maklikste en beste manier om u planne te bewerkstellig is om nou te spaar en u besparings in **UNIE-LENINGSERTIFIKATE** te belê.

**Koop hulle deur middel van Negepennie Spaarseëls, of vir kontant, by enige Poskantoor.**

*Maties!*

**Maak ons u APTEKERS en wees verseker van ons beste AFRIKANER DIENSTE.**

DIE

**Voortrekker-Apteek**

Andringastraat, Stellenbosch

**Foon 94**

**Santy se Bottelstoor**

*En probeer ons groot verskeidenheid Soetwyne en keurige Aptyt-drankies*

*Dames raadpleeg*

*TANT MITA*

*voor u materiaal koop en Bespaar!*

Deftige Tabberds, Jasse en Baadjies.

**Recreationsgebou, PLEINSTRAAT.**

*MATIES!!!*

**DE CLERK**

**DIE DROOGSKOONMAKER**

**Verseker U van vertroubare dienste.**

**Birdstraat 79, — Stellenbosch.**

**Die C.S.V.-BOEKHANDEL**

kan u naas u

*Voorgeskrewe Boeke*

en Skryfbehoeftes ook voorsien met

*Leerartikels*

van alle soorte.

•

*Groot verskeidenheid van Afdrukke van Skilderye*

en ander prente ook in voorraad.

•

**Die C.S.V. - Boekhandel**

**Rook Springbok-Sigarette**

# Sportmanne in die Nuus

## Jean Borotra.

Die berig wat onlangs in plaaslike nuusblaaie verskyn het as sou Jean Borotra, voormalige direkteur van liggaamsontwikkeling van die Vichy-regering, na die Duitse konsentrasiekamp gestuur is, het die prestasies van hierdie beroemde tennisspeler in herinnering geroep.

Borotra het in 1922 internasionale roem verwerf in die sportwêreld toe hy as 'n jong seun vir die eerste keer vir Frankryk gespeel het. Daarna het hy pal sy land op tennisgebied verteenwoordig totdat hy enige jare gelede uitgeskei het. Dit was grootliks aan hom te danke dat Frankryk gedurende 1927 en 1932 toon aangegee het in die tenniswêreld.

Vir vyf agtereenvolgende jare — tussen 1924 en 1928 — het hy aan die eindwedstryd vir die enkelspelkampioenskap op Wimbledon deelgeneem, en in 1924 en 1926 het hy die titel gebuit. In 1932 en 1933 het hy die mansdubbelspelkampioenskap saam met sy spanmaat, Brugnon, verower, en in 1935 saam met Lacoste, terwyl hy in 1925 ook die gemengde dubbelspel saam met Suzanne Lenglen gewen het.

Borotra was een van die interessantste figure in die geskiedenis van die spel. Hy was baie onortodoks in sy metodes. Sy grondskote was rukkerig en onaanskoulik, maar sy retspel skitterend. Geen speler het oor beter vlug- en mokerskote be-[bl]ik as hy nie, en deskundiges beskou [ho]m nou nog as die beste dubbelspeler van alle tye.

Borotra het altyd allerhande streke gehad om sy teenstander te uitoorlê. Een van die interessantste voorvalle uit sy loopbaan het voorgekom in sy wedstryd teen die beroemde Amerikaner, Johnson, in die Amerikaanse kampioenskappe van 1926. Nadat Johnson die eerste twee stelle maklik gewen het, het Borotra hom begin moeg hou. Hy het uitgeput op die grond neergesak en soms so na sy asem gehyg, dat selfs sy spanmaat hom gevra het om maar liewer tou op te gooi. Johnson het die wedstryd toe opsetlik uitgerek na vyf stelle.

Maar toe het daar skielik lewe in die Fransman gekom. Hy het soos 'n besetene op die net afgestorm, en byna elke bal met 'n skouspelagtige sprong bygekom en doodgeslaan. Johnson was so oorbluf dat hy die stel en die wedstryd verloor het.

Jean Borotra se naam sal oral waar tennis gespeel word, onsterflik bly.—*(S. B.)*

# S.A. KAMPIOENSKAP OP COETZENBURG

## Junior Atlete Presteer

Die junior atletiekkampioenskappe van Suid-Afrika is gedurende die vakansie voor 'n rekord atletiekskare op Coetzenburg beslis. Die baan was in 'n pragtige toestand, en die vertonings van ons jong atlete dui op 'n gunstige toekoms vir atletiek in Suid-Afrika.

**Daar is vyf nuwe Suid-Afrikaanse junior rekords behaal, nl.:**

**220 tree: 21.9 sek., D. Hugo (W.P.).**
**110 tree hekkies: 14 sek., E. Woods (U. Rhodes).**
**Paalspring: 11 vt. $10\frac{3}{4}$ dm., D. Botha (O.V.S.).**
**Diskusgooi: 176 vt. 5 dm., J. Furter (W.P).**
**Spiesgooi: 172 vt. $10\frac{1}{2}$ dm., A. Fuller (Pinelands).**

Die Paarlse skoolseun, Danie Hugo, was die groot gunsteling van die toeskouers. Hy het sy twee naellope maklik gewen, en Danie Joubert se S.A. junior rekord oor die 220 tree met .4 sek. geslaan.

**Die uitstaande atleet van die dag, egter, was G. Bosman van Suid-Transvaal.** Hierdie kranige middelafstand-hardloper het die 440 tree in 49.5 sek ('n W.P.-rekord), en die 880 tree in 1 min. 58.2 sek. gewen. In albei hierdie wedlope het hy sy teenstanders ver oorskadu. Bosman, wat in voorkoms en styl sterk herinner aan die voormalike S.A. kwartmylkampioen, Willie Walters, beskik oor 'n kombinasie van vaart en uithouvermoë, waarmee alleen 'n buitengewone atleet begunstig is.

**Sowel Hugo as Bosman kom aanstaande jaar Stellenbosch-toe.**

In die paalspring het D. Botha, die 16-jarige Vrystaatse kampioen, pragtig vertoon, en die nommer met 11 vt. $10\frac{3}{4}$ dm. gewen — $9\frac{1}{4}$ dm. hoër as die bestaande S.A. junior rekord. Dit is 'n merkwaardige prestasie, veral as in aanmerking geneem word dat Botha nog nooit enige afrigting ontvang het nie. Daar wag vir hom ongetwyfeld 'n groot toekoms.

In die hekkienommers was Eric Woods (U Rhodes) die uitblinker. Oor die 110 tree het hy 'n nuwe S.A. junior rekord van 14 sek. geskep, en kenners beskou hom nou al as 'n waardige opvolger van die beroemde Springbok-hekkiespringers, Atkinson (Olimpiese kampioen, 1928) Weightman-Smith, Viljoen en Lavery.

Van die Stellenbosse verteenwoordigers in die W.P.-span het J. Furter (diskus en gewigstoot) en T. van Zyl (verspring) titels gebuit. Furter was verreweg die veelsydigste veldatleet. Hy het aan drie nommers deelgeneem en twee daarvan gewen. In die diskusgooi het hy die S.A. junior **rekord met 9 vt. $4\frac{3}{4}$ dm. oortref.**

# VOETBAL

## Maties se 1ste Wedstryd môre

Nadat die meeste ander Wes-Kaaplandse spanne alreeds vriendskaplike wedstryde agter die rug het en in goeie afrigting verkeer, kom die Rooispan môre in hul eerste wedstryd te staan teen Robertson.

Alhoewel die Maties nog nie amptelik vanjaar op die veld verskyn het nie, en 'n mens dus nog nie hul speelkrag kan oordeel nie, het die oefeninge bewys dat U.S. weer hierdie seisoen oor 'n span sal beskik wat hul terdeë in die kompetisie sal laat geld. Daar het maar min van verlede jaar se gereelde spelers oorgebly, maar gelukkig het die Maties toe ook 'n 1-B span in die seniorkompetisie gehad, met die gevolg dat die leemtes in die eerstespan met vertroue uit hierdie bron aangevul kan word.

Daar is op die oomblik min te kies tussen die twee aanspraakmakers op die heelagterposisie: Jan de Villiers en Michau. Alhoewel de Villiers alreeds sy provinsiale kleure verwerf het, het hy in die oefeninge tot dusver nog nie sover bokant Michau uitgestyg dat hy juis op 'n hoër trap as laasgenoemde kan geplaas word nie.

Dollie du Plessies het weer sy verskyning op die veld Dinsdagmiddag gemaak en sal waarskynlik saam met Treurnicht 'n doring in die vlees van hulle twee teenstanders, van der Merwe en Zaaiman, wees. Albei verdedig en val doelbewus aan. Waar die Maties se sterk punt egter in die agterhoede is, is die twee senters Brink en Oosthuizen. Albei speel met ondernemingsgees en inisiatief en behoort vir menige aanskoulike beweging verantwoordelik te wees. Alhoewel Peet van der Walt en Tom Fourie 'n kranige skakelpaar is, sal hulle môre moet wakker loop vir Mike Cronjé en Botha. Cronjé is 'n baie geslepe losskakel en weet hoe om van die geringste kansie gebruik te maak om die spel in sy guns te laat verloop.

### DIE STRYD TUSSEN DIE VOORSPELERS

Hier verwag ons dat die Robertsonse agttal 'n effense oorhand gaan hê, veral in die vaste skrums. Wil Delport, die Matie-haker van 1943, saam met Kellerman wat 'n jaar of twee gelede as 'n toekomstige Springbok beskou is, en Pierre Rossouw, sal seker die bal klokslag aan die agterlyn besorg. Dit is juis hier waar die Maties vanjaar te kort skiet, aangesien R. du Plessis wat moontlik môre in die posisie sal optree nognie juis oortuig nie. In die losspel sal die studente hulle egter soos gewoonlik laat geld met manne soos Dawid Snyman, van Blerk en moontlik Burger om die aanvalle te lei. Die Rosyntjieboere het egter verwoede vegters in Piet de Wet, Bester en Delport en sal hulle nie sommer maklik in die skadu laat stel nie. In die lynstane sal dit ook 'n verbete stryd wees.

Alles in ag geneem is dit dus maar moeilik om 'n voorspelling te waag oor die uitslag, maar dit wil lyk of 'n naelskraapse oorwinning deur die besoekende vyftiental gladnie uitgeskakel is nie. Wat egter geen twygel lei nie is dat môre se wedstryd op Coetzenburg groot belangstelling onder die ondersteuners van die Rooispan behoort uit te lok, en sprankelende voetbal behoort te lewer.


**G. E. HENDRIKSZ**
se viswinkel vir
VARS GEBAKTE VIS,
AARTAPPELREPIES,
SOUTVIS en KIPPERS.

**HENDRIKSZ**
die slagter, spesialiseer in
WORS en VLEIS
vir
BRAAIVLEISAANDE.
Andringastraat, Stellenbosch.

*Vir die maak van u volgende*
○ **Paar Sandale**
○ **Stewels**
○ **Skoene**
BESOEK
**LUBBE**
*die deskundige skoenmaker en repareerder*
Foon 440

**HENDRIKZ**
Foon 95.
vir
✱ **Elektriese Benodighede**
✱ **Radio** en alle Elektriese **Reparasies**
Langs Voortrekker Apteek
ANDRINGASTRAAT

**HALDENWANG**
•
HEERLIKE GEBAK—NET WAT U HART BEGEER
•
Kom besoek ons winkel in PLEINSTRAAT
en probeer ons Koek, Tert, Vleispasteitjies en alles wat lekker is.
•
(Foon 135)

**Vir BLAKENDE GESONDHEID drink HEERLIKE**
**KWV**
**DRUIWESAP**
*Onthou ! K.W.V.-Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum*

*Vir 'n deftige pak Klere gesny op die nuutste snit, raadpleeg eers GEBRS DE WET, die gewildste kleremakers van die MATIES.*

ONTHOU !
Ons spesialiseer in Dubbelbors Aandbaadjies, Manelpakke en Aandpakke. Die nuutste Sportbaadjies-materiaal sowel as vir gewone pakke. Ons het 'n goeie voorraad materiaal vir Wit en Grys Broeke.

Vergelyk eers ons pryse voor u bestel. Ons gebruik uitsluitlik Engelse Materiale. PROBEER ons eers. Ons waarborg satisfaksie, — of geld terug.

*ONS IS ALOMBEKEND DEUR SUID-AFRIKA VIR ONS DEFTIGE SNIT.*

**Gebrs. de Wet (Eiens.) Bpk.**
SNYERS EN VOLLEDIGE UITRUSTERS.
Foon 20. STELLENBOSCH. Bus 31.

*Maties !*
**Die Victoria Katee**
*Vir*
✱ **Vars Vrugte**
✱ **Smaaklike Lekkers**
✱ **Vriendelike Bediening**
**Mnr. MALZER**
**Onthou Die Biljart Salon**